Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 26/02 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **Gelukwensing:**
   Ons is baie trots, 'n groot eer het 'n oud-leerder van HSM te beurt geval. Prof. Daneel Ferreira se naam verskyn op die lys van die beste 2% wetenskaplikes in die wêreld !
   Die Universiteit van Stanford in die VSA het n lys van 159 648 name van wetenskaplike oor die hele wêreld gepubliseer. Daneel Ferreira verskyn onder die top 2%. Voorwaar 'n groot prestasie vir 'n Kougakind.
   In sy eie woorde: Natuurlik kan mens ook nie anders nie as om hulde te bring aan die uitstaande Hoërskool McLachlan onderwysers wie die oorspronklike grondslag vir ‘n onbeskryfbare liefde en belangstelling vir Skeinat en Wiskunde, veral Chemie by ‘n Kougakind wakker gemaak het. Ek dink aan mnr. Jack Deyzel wat die eerste saadjie gesaai het toe hy in 1957 ons die formule vir die omskakeling van die Celsius en Fahrenheit temperatuurskale laat aflei het, mnr. J.C. Badenhorst met sy stille aanmoediging van standard 7 tot in matriek en mnr. S.J. Hofmeyr wat my gehelp het om suksesvol vir ‘n staatsdienskommissiebeurs aansoek te doen.

2. **Matriekuitslae:**
   Samevatting van 2020-matriekuitslae:
   Aantal kandidate: 23
   Aantal geslaag: 23

   16 leerders het toegang gekry tot ‘n graadkursus.
   6 leerders het toegang gekry tot ‘n diplomakursus.
   22 vak-A’s.
   4 A-gemiddeldes

   Top 10 Presteerdes:
   1. Elzé Potgieter
   2. Soné van Wyk
   3. Marli van Zyl
   4. Tiffeney Lyons
   5. Uli Terblanche
   6. Nicola de Kock
   7. Jan-Hendrik Crous
   8. Micheala Malan
   9. Michail Masenna
   10. Ronique Williams

herotel IGEN

3. **L.O praktiese periodes:**

Ouers moet asseblief toesien dat kinders op die dae wat hulle L.O.- prakties het, met korrekte sportdrag skool toe kom:
McLachlan sporthempie, swart kortbroek
Wit sokkies, tekkies
Volledige McLachlan sweetpak

Geen plakkies of enige ander kleredrag word toegelaat nie.

4. **Klerebank:**

Tye vir klerebank is as volg: Donderdae: 14:30 – 15:00

Alle aankope is streng kontant. **GEEN verkope sal gedurende ander dae en tye plaasvind nie.**

5. **Administratiewe reëlings:**

Ek doen 'n vriendelike, dog ernstige beroep vir die volgende:

- **Geen ouer/voog sal toegelaat word om gedurende skoolure net by onderwysers se klasse op te daag, sonder 'n afspraak nie.** Ouers/voogde moet die skoolsekretaresse kontak en sy sal u besonderhede aan die betrokke onderwysers deurgee om 'n afspraak met u te maak.
- **Geen pakkies wat by ontvangs afgelewer word, sal gedurende klastyd deur die sekretaresse aan u kind besorg word nie.** Die vakonderwyser sal dit gedurende pouse kry en na pouse aan die kind besorg.

6. **Covid:**

Praktiese reëlings 2021 :

Prosedure voor skool:

Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:

Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:50 – 12:40
3, 7, 8, 10, 11	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40
4, 5, 6, 9, 12	Skuifhek (Pfaffstraat)	Skuifhek (Pfaffstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40

herotel IGEN

7. **Beheerliggaamverkiesing:**
Ouers/voogde word reeds nou daarop gewys dat hulle kinders op Donderdag, 25 Februarie en Vrydag, 26 Februarie, kennisgewings sal ontvang van die komende skoolbeheerliggaam-verkiesing wat op Vrydag, 12 Maart 2021 sal plaasvind. Die verkiesing vind plaas vanaf 7:00 – 15:00 in die George McLachlansaal. Maak asseblief seker dat u daardie brief van u kind ontvang. Alle jongste/enigste leerders sal sodanige kennisgewing ontvang, waarvoor hulle persoonlik teken met ontvangs.

Busse :

Alle leerders wat van Hoërskool McLachlan en die Departement van Onderwys se busvervoerdiens gebruik maak, moet op die bus 'n masker dra.

Bustye:

Plek:	Tyd: McL- en Baileybus	Optelpunt: Baileybus
Misgund	06:50	Royal / Petrolpompe
Louterwater	07:05	Gemeenskapsaal
Krakeel	07:20	Stevie (Begraafplaas)

8. **Finansies:**
Ons bring dit weer onder u aandag dat deposito's wat in die skool se rekening gedoen word, die **korrekte verwysing** moet hê. Die verwysing moet u **kind se naam en van** bevat. 'n Betalingbewys moet dan aan Mev. Mattheus ge-epos word by admin@hsmclachlan.co.za. Dit is baie moeilik om deposito's te allokeer indien die verwysing onvolledig is.

'n Deposito van **R2 610.00** is op 01.02.2021 ontvang met die verwysing **"Alex School fee"** – sal die betrokke persoon Mev. Mattheus asseblief kontak ten einde haar in te lig waarvoor die deposito was.

Betaalbare gelde – 2021:
Vorms vir verminderde skoolfonds kan by mev. Mattheus gekry word en moet **Maandag, 1 Maart**, terugbesorg word. **Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.**

- Skoolfonds:
  - Skoolgeld beloop **R1 075,00 per maand vir 10 maande.** Betaalbaar van Februarie tot November. (Totaal van **R10 750,00 per jaar**)
  - Geen glyskaal vir aantal kinders.
  - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R830,00** per maand. Betaalbaar Januarie tot Desember.
  - **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R9 675,00** (voor 20 Feb. 2021.)
  - Glyskaal gegrond op gesamentlike bruto-inkomste van beide ouers.

- Busgeld: (per kwartaal; vooruit betaalbaar). Leerders mag slegs ry indien busgeld betaal is teen 1 Maart.

Daaglikse roete

Misgund	R1 456
Louterwater	R1 302
Krakeel	R1 148

Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
ABSA Joubertina
Rekeningnommer: 1970 430047
Tipe rekening: Tjek
Takkode: 334415
Verwysing: Kind se naam en van

herotel IGEN

9. **<u>OOV-Fondsinsameling</u>**

Heerlike Maalvleisvetkoeke te koop teen R15 elk op Vrydag 5 Maart 2021. Ons werk slegs op bestelling. Vul asb die afskeurstrokie met u bestelling in en gee dit teen Woensdag 3 Maart 2021 saam met u betaling by u kind se registeronderwyser(es) in.

Baie dankie vir u ondersteuning

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit